



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

---

## STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 384

CAPE TOWN, 27 JUNE 1997

No. 18105

KAAPSTAD, 27 JUNIE 1997

---

PRESIDENT'S OFFICE

No. 895.

27 June 1997

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 18 of 1997: Promotion of National Unity and Reconciliation Amendment Act, 1997

---

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 895.

27 Junie 1997

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 18 van 1997: Wysigingswet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1997.

Act No. 18, 1997

PROMOTION OF NATIONAL UNITY AND RECONCILIATION  
AMENDMENT ACT, 1997

## GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

\_\_\_\_\_ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

To amend the Promotion of National Unity and Reconciliation Act, 1995, so as to further regulate the composition of the Committee on Amnesty; and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the President.)*  
*(Assented to 26 June 1997.)*

**B**E IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

## Amendment of section 17 of Act 34 of 1995

1. Section 17 of the Promotion of National Unity and Reconciliation Act, 1995, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

“(1) The Committee shall consist of a Chairperson, a Vice-Chairperson and **[three]** not more than eleven other members who are fit and proper persons, appropriately qualified, South African citizens and broadly representative of the South African community.

(2) The President shall appoint the Chairperson, the Vice-Chairperson **[one other person]** and, after consultation with the Commission, **[two commissioners as members of the Committee]** the other members of the Committee: Provided that at least three of such other members of the Committee shall be commissioners.”; and

(b) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A) (a) The Chairperson of the Committee may from among the members of the Committee establish a subcommittee, the chairperson of which shall be a judge as referred to in subsection (3), designated by the Chairperson of the Committee.

(b) Any subcommittee established in terms of paragraph (a) shall have the same powers, functions and duties as the Committee in relation to any application for amnesty submitted in terms of section 18, and to the person who submitted such application.”.

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [ ]      Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
- \_\_\_\_\_      Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

## WET

Tot wysiging van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995, ten einde die samestelling van die Komitee oor Amnestie verder te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die President geteken.)*  
*(Goedgekeur op 26 Junie 1997.)*

**D**AAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## Wysiging van artikel 17 van Wet 34 van 1995

1. Artikel 17 van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995, word hierby gewysig—

(a) deur subartikels (1) en (2) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

“(1) Die Komitee bestaan uit 'n Voorsitter, 'n Ondervoorsitter en [drie] hoogstens elf ander lede wat gepaste en geskikte persone, toepaslik gekwalifiseerd, Suid-Afrikaanse burgers en oor die algemeen verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse gemeenskap is.

(2) Die President stel die Voorsitter, die Ondervoorsitter [een ander persoon] en, na oorleg met die Kommissie, [twee kommissarisse, as lede van die Komitee] die ander lede van die Komitee aan: Met dien verstande dat minstens drie van sodanige ander lede van die Komitee kommissarisse moet wees.”; en

(b) deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

“(2A) (a) Die Voorsitter van die Komitee kan uit die geledere van die Komitee 'n subkomitee instel waarvan die voorsitter 'n regter moet wees soos in subartikel (3) bedoel, deur die Voorsitter van die Komitee aangewys.

(b) Enige subkomitee ingevolge paragraaf (a) ingestel, het dieselfde bevoegdhede, werksaamhede en pligte as die Komitee met betrekking tot enige aansoek vir amnestie wat ingevolge artikel 18 voorgelê is, en tot die persoon wat so 'n aansoek voorgelê het.”.

**Act No. 18, 1997**

**PROMOTION OF NATIONAL UNITY AND RECONCILIATION  
AMENDMENT ACT, 1997**

**Short title**

**2.** This Act shall be called the Promotion of National Unity and Reconciliation Amendment Act, 1997.

WYSIGINGSWET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID  
EN VERSOENING, 1997

Wet No. 18, 1997

**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1997.

